

MAG HIERDIE KERSFEES 'N NUWE BEGIN WEES

deur **Mary Joseph**

In Egipte is werkloosheid onder die jeug en wydverspreide armoede met 'n onstabiele ekonomie. Maar Egipte het ook die grootste Christen gemeenskap in die Midde-Ooste — en ten spyte van gewelddadige aanvalle die afgelope paar jaar, bly die Kerk in Egipte getrou en brei uit.

KERSFEES IN JANUARIE

Ek behoort aan 'n Kopties Ortodokse familie en ons vier Kersfees op 7 Januarie. Oukersaand woon ons die Mis in St Mark, die hoof Koptiese kerk in Kaïro by saam met familie en vriende. Ons sing vreugdevolle Kersliedere en luister na die liturgie en boodskap.

Die Mis begin die afgelope tyd elke jaar op 'n ander tyd — normaalweg is dit om middernag, maar 'n paar jaar gelede was daar sekuriteits waarskuwings en is die diens vroër in die aand gehou in die hoop dat dit veiliger is. Die situasie is die afgelope tyd effe kalmer, maar al voel ons steeds nie veilig nie, woon ons in elk geval die Mis by.


Kersdag vier ons met 'n groot familie byeenkoms. Ons deel geskenke uit en eet tradisionele Egiptiese disse soos molokheya ('n groen groentesop), rys, vleise, koek en pasteie. My gunsteling dis met Kersfees is gemmerkoekies en ek hou ook van warm sjokolade!

My hoop vir Egipte hierdie Kersfees is dat alles vernuwe sal word. Die ou manier van dink oorheers steeds en mense leef volgens uitgediende waardes. Dus hoop ek dat die mense van Egipte meer toeganklik sal word om nuwe dinge te leer en hul denkwysse te verander: dat hulle 'n nuwe visie sal kry.

BID VIR EGIPT

Bid asb saam met ons vir die mense van Egipte. Die Christene het ons gebede nodig na 'n jaar van verskeie aanvalle op Kopties Ortodokse Christene. Bid dat, midde beproewende tye, die mense van Egipte na Jesus sal draai en in Hom hoop vind.

- **Bid dat die mense van Egipte na Jesus sal draai en in beproewende tye hul hoop in Hom vind.**
- **Bid dat SAT-7 se programme hierdie jaar nuwe hoop aan kykers sal bring.**



Koptiese ikoon

**MAAK
HOOP
SIGBAAR**

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2019 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

KERSFEES MIS GAAN VOORT ...

Die aanval op 'n toerisme bus in Egipte, op Vrydag, 28 Desember 2018, kom op 'n gevoelige tyd vir Egipte. Toerisme, wat noodsaaklik is vir Egipte se ekonomie, het net begin herstel. Die aanval is daarop gemik om 'n impak op toerisme te hê en dit negatief te beïnvloed. Die aanval is ook doelbewus kort voor die Nuwejaar feesvierings en die Ortodokse Kersfees met die doel om die feesvierings te demp.

Ten spyte van verskerpte sekuriteit is Egipte se nuwe *Die Geboorte van Christus Kerk*, die grootste kerk in die Midde-Ooste, op 6 Januarie amptelik geopen. President El-Sisi en die Kopties Ortodokse Pous, Tawadros II, het hierdie geleentheid, waartydens die Kopties Ortodokse Mis bedien is, bygewoon.

'n Woordvoerder van die Kerk vertel dat die publiek uitgenooi is om, na registrasie by die Kerk, die Mis by te woon. 'n Video opname van President El-Sisi se toespraak tydens die Kersfees Mis in Januarie 2018 in die St Markus Katedraal in Abbasiya distrik, is aanlyn beskikbaar. In sy toespraak het El-Sisi belowe dat, na voltooiing van die nuwe Katedraal, die volgende Kersfees Mis op 6 Januarie 2019 in hierdie Katedraal sal plaasvind.

President El-Sisi het in Januarie 2017 opdrag gegee vir die bou van die nuwe Katedraal, na die bomaanvalle op Palm Sondag in die El-Botroseya Kerk in Kaïro. Ten minste 27 Koptiese Christene is met die aanval dood.

Tydens die Kersfees Mis in 2018 het die President die toekomstige kerk as “ 'n boodskap van vrede en liefde aan die wêreld” bestempel.

BOODSKAP VAN VREDE EN HOOP

Tydens die feesdae en midde die vrees wat heers, het SAT-7 Egipte deurentyd 'n boodskap van Bybelse hoop uitgesaai om kykers te bemoedig. In die lig van gebeure die afgelope weke het Mary Joseph, Kommunikasie Beampte van SAT-7 Egipte eenvoudig gevra: “Ons vra vir gebede vir die veiligheid van alle Egiptenare.”

- **Egipte se Christen gemeenskap was die afgelope tyd die teiken van baie aanvalle. Bid vir hul veiligheid en eenheid in die Kerk, in Egipte, maar ook wêreldwyd.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees.

Van 'n kinderkyker in Sirië

“Wanneer ons probleme het, vra ons Jesus om die storm kalm te maak. Hy kan storms laat bedaar en selfs die oorlog ook. Met Jesus is ek vir niks bang nie.”

Van 'n kyker in Algerië

“Bid dat ek 'n Nuwe Testament sal opspoor en kan bekostig sodat ek van Jesus, die Christus kan leer.”

Van 'n kyker in Egipte

“SAT-7, julle is soos hemel op aarde vir ons. Mag lofprijsing en vreugde almal wat na jul kanaal kyk troos. Ek bid dat julle sal aanhou om jul te verheug in die Here, te lofprijs en Christus se Woord te deel met die hele wêreld. Ek bid ook vir jul veiligheid; mag die Here Sy hemelse seëninge oor jul uitstort en jul vul met die Heilige Gees.”

“Ek is baie bly om vriende soos julle te hê en bedank julle vir jul gebede. My seun het my gekontak en sê dat hy Christus wil leer ken! Dit was 'n groot verrassing vir my, want die afgelope drie jaar stuur ek gereeld Bybeltekste vir hom waarop sy reaksie altyd was: “Verander liever jou eie denkg rigting.” Maar ek weet dit is te danke aan julle gebede en die geduld wat God my gegee het, dat ek kon volhard in gebed en hoop. Ek het my seun vertel dat ek God vertrou het. Ek is baie bly dat eers sy pa, toe sy broer en nou hy, Christus gevind het. Prys die Here!”

GEBEDSVERSOEKE VAN KYKERS

BID VIR SAT-7 TÜRK KYKER, ÖZGE

“Ek is 61 jaar oud en nie 'n Christen nie maar ek hou baie van julle kanaal. Ek sal bly wees as julle my in jul gebede onthou. Bid asb vir my en noem my naam? Dit sal my uitermate gelukkig maak. Ek ken Jesus en het Hom lief. En ek kan voel dat Hy my ook lief het. Hy het as Liefde in hierdie wêreld gekom. Ek het die Bybel al gelees. Ek verstaan nie alles nie maar weet dat Hy my lief het. Ek is siek en huisgebonde. Ek lees in die Bybel dat Jesus mense gesond maak. En ek bid elke dag dat Hy na my toe sal kom. Ek bedank julle hele span. Mag die liefde van God met julle wees. Baie dankie, julle almal. Bid vir my sodat God se Wil in my lewe geskied.” - Özge

BOODSKAP UIT IRAN ONTVANG DEUR MIDDEL VAN TELEGRAM SOSIALE MEDIA

“Ek wil julle vertel dat God in my lewe werk. En dat ek Sy liefde en genade beleef. Hierdie *Telegram* groep is 'n kerk wat God vir ons met Sy eie hande bou. Bid asb steeds vir my waar ek die wonderlike werk van God in my lewe ervaar en daarvan kan getuig. Hy het die bese oorwin en my vrygemaak. Hy het my verlos en kind van God gemaak en ek bly in Hom. Mag God se genade met julle wees.”

SAT-7 ARABIES KYKER VAN EGIPT

“Ek het die boodskap op *Die Evangeliese Kersfees Vierings* baie geniet. Al is ek 'n volgeling van 'n ander geloof, glo ek God se belofte aan ons waar is — wanneer jy goeie saad saai, sal jy die vrugte daarvan pluk, jy en jou kinders. En as jy God vrees, vul Hy jou lewe met Sy liefde en vergifnis. Diegene wat bese dade saai, of dit teenoor diegene naby hulle is of mense wat hul nie ken nie, verrai menslikheid en hul belofte aan God. Baie dankie vir hierdie boodskap en mag God jou beloon, my gelowige broer.” (*Bid asb dat hierdie man Jesus sal ontmoet*)



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees.

Van 'n kyker in Iran

“Bid asb vir ons huiskerk. Ons word volgende maand verhoor, en ons leier is alreeds gearresteer.”

Van 'n kyker in Afghanistan

“Ek het Christus deur julle programme leer ken. Ek wil 'n volgeling van God word en in my verhouding met Hom groei. Bid ook vir my vrou en kinders.”

Van 'n kyker in Egipte

“Bid asb vir my seun om Christus te ontmoet en dan sterk te staan om sy lewe te verander.”

Van 'n 10 jaar oue meisie in Irak

“My ambisie is om 'n sanger van kerkliedere te word en 'n album met kerkmusiek op te neem ... om vrede aan die Christene in Irak te bring.”

Van 'n kyker in Turkye

“Ek, my vrou en vier kinders is reeds twee jaar in 'n vlugtelingskamp. Die lewe is hard en beperkend. Bid vir ons dat ons erens naby ons huis kan gaan en aanvaar sal word.”

Van 'n kyker in Iran

“My kinders is uitgekryt as varke en uit die skool geskop as gevolg van my geloof. Bid dat hul geloof sal toeneem en dat God vir ons 'n samelewing voorsien waar ons vry kan leef.”